02

JAARGANG 23 | 14 FEBRUARIE 2025

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

EPIFANIE

NG Kerk Vrystaat

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

### BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Celicia McLean | Andries Gous | Enrico Casaleggio | Magdaleen du Toit | Ethan Kleynhans | Mariëtte Odendaal | Richie Kemp
Martin Schwella | Leon M Foot | *Kerkbode*
*Bybel-Media* | *VrydagNuus*, Kaapkerk | *CLF*
*Bybelgenootskap SA* | *Engo*

## EPIFANIE

**Epifanie** wil ons help om in die nuwe jaar met geloofsoë na die wêreld en na ons eie lewens te kyk sodat ons die daaglikse verskyning van God kan raaksien.

In Epifanie dink ons aan Jesus se lewe vanaf Sy kinderdae tot en met Sy **Lydenstyd**. Epifanie is 'n seisoen in die kerkjaar wat Lydenstyd voorafgaan.
Dit is 'n tyd om te herdenk hoe Jesus in die wêreld verskyn het, terwyl Lydenstyd 'n tyd is om Jesus se lyding en dood te herdenk.

## DAGBOEK DÍT

**VROUE TOERUSTINGSKAMP**
*Wees stil en weet, Psalm 46:11*
21 - 23 Februarie 2025 | **Amanzi Private Game Reserve**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 28 Februarie**.
Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

**ONDERSTEUNING**
*Die ware hart van Liefde*

## ARTIKELS 05

05 | **VENNOTE IN GETUIENIS**
**DEGNOS** | *DEGNOS-dinge*

06 | **VENNOTE IN GETUIENIS**
**Islam Getuienisaksies** | *Wie sê Jesus is God?*

07 | **BEDIENINGSBEGELEIDING**
**HOOP** | *Gedagtes oor "MYSTICAL HOPE", deur Cynthia Bourgeault* (Hoofstuk 2 en 3)

08 | **ALGEMEEN**
**Teologiese Opleiding** | *Lig vir die Nasies - 'n uitreik na Botswana*

09 | **ALGEMEEN**
**Ons Gestremdes** | *Ingesluit of verstote?*

## BLÊR-REEKS 2 11

**Die Verlore Skapie (12 stories)** | *2. Die wedloop*

## MEDIATEEK 13

**BOEK EN INVENTARIS**
**Coenie Burger** | *Waar is Jesus nou? Hoe Jesus ná sy hemelvaart onder ons teenwoordig is en werk*

## UIT DIE FAKULTEIT 16

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**Lyzette Hoffman** | *Teologiese dag 2025*

## EKOLOGIE 17

**Energie-doeltreffend** | *Bestuur vanjaar jul kerkgeboue en huise energie-doeltreffend*

## VERJAARSDAE 18

## AKTUEEL | ALGEMEEN 19

20 | **Wêreldbiddag vir Vroue 2025:** *Ek het jou wonderbaarlik gemaak*

21 | Advertensies

22 | **Pinksterreeks 2025** | *Nagedink oor Nicea*

22 | **Afskeidsdiens:** Ds Anton Meiring (Woodland Hills NG Gemeenskapskerk)

## OPLEIDING 23

## KERKBODE BROKKIES 25
## PUBLIKASIES 26

## WAT'S NUUS? 27
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 28

**Richie Kemp** | *Leef jy in die truspieëltjie?*

## KONTAK ONS 29



# Die ware hart van Liefde

**Foto:** *Canva*



**ONDERSTEUNING**
*Celicia McLean*

Menslike liefde word dikwels verbind met rooi rose, sjokolade en romantiese gebare. Dit is 'n manier waarop mense hul liefde aan mekaar bewys. Maar vir gelowiges is daar 'n veel dieper en blywende liefde wat elke dag van die jaar gevier moet word – God se onvoorwaardelike liefde vir ons. Die Skrif getuig oor en oor van God se liefde wat nie afhanklik is van ons dade, prestasies of tekortkominge nie. In Romeine 8:38-39 (AFR83) lees ons: "Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here." Dit is 'n liefde wat standvastig en onwrikbaar is, ongeag omstandighede. In 'n wêreld waar liefde dikwels gekoppel word aan voorwaardes en verwagtinge, is God se liefde 'n toevlug.

Dit is ’n liefde wat dien, wat vergewe en wat blywend is. In 1 Johannes 4:16 (AFR 83) lees ons: "... God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom." Hierdie liefde is nie gebaseer op verdienste nie, maar op die aard van God self – Hy is liefde.

Hierdie begrip van God se liefde is diep gewortel in die Christelike tradisie en geloofsbelydenisse. Die Geloofsbelydenis van Nicea, wat in die vierde eeu geformuleer is, bevestig dat Jesus Christus een in wese met die Vader is. Dit beteken dat die liefde wat ons deur Christus ontvang, dieselfde ewige, onvoorwaardelike liefde is wat van die Vader kom. Hierdie belydenis help ons verstaan dat God se liefde nie net 'n emosie of 'n reaksie is nie, maar ’n fundamentele deel van wie Hy is.

**Lees** meer »

VISIONERING

# Vroue Toerustingskamp

FEBRUARIE 2025

# WEES stil & weet

*Psalms 46:11*

## Amanzi

***Private Game Reserve***

**21 - 23 Februarie 2025**

## Aanbieder

***Prof Stephan Joubert***

## Besprekings

***Marietjie van der Merwe***

**076 113 9601**

**vrouelidmate@gmail.com**

vb

VROUEBEDIENING

NG Kerk Vrystaat

# DEGNOS

**VENNOTE IN GETUIENIS**
DEGNOS
*Andries Gous*

Liewe vriende van DEGNOS

**Maandag 10 Februarie 2025**

Vanoggend se nuus laat my deeglik besef hoe tydelik hierdie lewe is, want die dood was 'n realiteit binne-in ons gemeente hierdie laaste twee weke. Ds Gerrie Cwi staan 'n kleindogter af aan die dood – ons broer ds Gerrie Cwi en sy familie is die afgelope twee weke deur baie diep waters nadat hulle seun se babadogtertjie skielik oorlede is een nag op De/nui waar hulle woonagtig is. **Bid asseblief vir Gerrie, Tiqua en hulle familie.**

**Geliefde dienares van die Here sterf**


U sal onthou dat ons in verlede jaar gevra het dat u vir ouma Bertina sal bid, ouma Bertina wat vir my so 'n mooi voorbeeld was van iemand wat die wedloop voluit hardloop tot op die einde. Sy was een van die eerste kerkraadslede van Luhebu-Noord wat ek vyf jaar terug ontmoet het. Sy het baie moeilik geloop, maar het elke erediens, elke vergadering, elke biduur bygewoon. Sy het ver gestap om daar te wees, maar in die samekoms van die gelowiges het sy haar tuiste gevind.


Selfs toe die kanker haar liggaam sleg begin affekteer het en haar regterarm laat opswel het, het dit haar nie gekeer om 'n Nuusdraer en 'n Getuie te wees na haar mense in Boesmanland nie. As die bakkie se wiele draai om 'n habitat te gaan besoek, dan was ouma Bertina die eerste een om saam te ry, sodat sy kan gaan getuig van haar Here. Ouma Bertina is woonagtig in die suid-ooste van Angola. Ná die Angolese vryheidsoorlog het sy en haar man saam met die ander Vasikela-mense gevlug en hulle dienste gaan aanbied aan die SAW op Omega in die Caprivi-strook. Haar man is jare terug oorlede en sy het alleen verder die pad gestap. Ds Amon Petrus het Saterdag die begrafnis van ouma Bertina behartig, maar met haar, net soos met soveel ander geliefde broers en susters, is dit nie totsiens nie, maar – tot ons weer sien.

**Lees meer** »

***Foto's** verskaf*





*Dr Enrico Casaleggio*

# ISLAM
# Wie sê Jesus is God?

Vir ons as Christene is dit aksiomaties dat alles bestaan tot Sy eer. Ons lees in Kolossense 1:17-18: *"Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem."* Die hele Skrif is ook Christosentries, sodat die Bybel in sy totaliteit op Christus fokus – ongeag die spesifieke skrywer. Ons lees byvoorbeeld dat die Here Jesus in Johannes 5:46 sê: *"As julle Moses geglo het, sou julle in My geglo het, want hy het van My geskrywe."*

Om met enkele tekste die Godheid van Jesus te staaf, maak teen bogenoemde punt dus nie veel sin nie. As ons egter in aanmerking neem dat sulke tekste tog van groot waarde kan wees in gesprek met Moslems, dan is dit goed om 'n paar van hulle te lys.

Ons het met die vorige kort artikel gesien dat die hele Skrif die Woord van God is, en dat die woorde van die Here Jesus, soos opgeneem in die Bybel, nie méér gewig dra as die woorde van ander persone en skrywers in die Bybel nie.

***[1] Alle aanhalings uit: Die Bybel. 1983. Die Bybel: Nuwe Afrikaanse Vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika***

---

*Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Dit kom uit 'n apologetiese hoek en die reeks sal uiteindelik uitkom by 'n antwoord op verskillende vrae wat Moslems vra, byvoorbeeld oor die Godheid van Jesus. Hier is nog 'n artikel in die reeks oor apologetiese gesprekke met Islam om Christene toe te rus vir gesprekke met Moslems.*

Hoewel Jesus sélf by geleentheid sê dat Hy God is, is ander Bybelskrywers se bydrae in dié verband ewe waardevol. Ons kyk daarom hier na ander persone wat ook in die Bybel die godheid van Jesus bely.

In Matteus 22:43-45[1] wys die Here Jesus daarop dat **Dawid** (in Psalm 110:1) bely het dat Jesus God is, as Hy sê: *"Waarom het Dawid deur die ingewing van die Gees Hom dan 'Here' genoem? Hy sê tog: 'Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.' "As Dawid self Hom 'Here' noem, hoe kan Hy dan Dawid se seun wees?"*

**Jesaja** voorspel ook die koms van die Messias en noem Hom selfs "Magtige God". In Jesaja 9:5,6 lees ons: *"Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg."*

**Jeremia** voorspel ook die koms van Christus en dat Hy God sélf is.

**Lees** meer »

# HOOP - Gedagtes oor "Mystical Hope"

*deur Cynthia Bourgeault*

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Spiritualiteit Netwerk
*Magdaleen du Toit*

***Psalm 103:11: For as the heavens reach beyond earth and time, we swim in mercy as in an endless sea.***

*(Poëtiese interpretasie in Bauman: Ancient songs sung anew – The Psalms as Poetry).*





***Foto** Amazon*

*In Hom lewe ons, beweeg ons en is ons.* Handelinge 17:28 (1953-vertaling)

Hoofstuk 1 eindig met Bourgeault se gedagte dat die reis na hierdie bron, na die lewende water wat Jesus beloof, in werklikheid die groot innerlike reis is waartoe ons as Christene geroep word.

## HOOFSTUK 2

*LIVING IN THE MERCY*

Hoofstuk 2 handel oor die wese van daardie bron: Ons is nie self die bron van daardie mistieke hoop nie. Sy gebruik die term 'mercy', God se genade (*chesed*), 'n kragtige, troue liefde, om die oorvloed van hierdie bron te beskryf. Die bron leef diep in ons en vloei voortdurend in onstuitbare volheid uit na ons, in so 'n mate dat 'n mens kan sê ons leef daarin; dit is die water waarin ons swem soos in 'n eindelose see. Dis soos die ou bekende storietjie van die vissie wat vir sy ma vra: "Mamma, wat is water?"

Genade is die lengte en breedte en hoogte en diepte van dít wat ons van God weet en ken – en die lig wat hierdie wete vir ons verlig en kenbaar maak.

**Lees** meer »

# Lig vir die Nasies

## 'n Uitreik na Botswana

**ALGEMEEN**
Teologiese Opleiding
*Ethan Kleynhans*

***Foto's** verskaf*







Met 'n brandende hart vir sending en gemeenskapsdiens het 'n groep gelowiges uit die Vrystaat in November 2024 na Botswana vertrek om te dien en die evangelie te verkondig. Die uitreik het van 23 November tot 6 Desember plaasgevind, met die span wat aanvanklik in Gaborone werksaam was voordat hulle die laaste paar dae in Lentswe deurgebring het. Die program was 'n kombinasie van fisieke arbeid, evangelisasie, geestelike bediening en 'n tyd van rus en refleksie.

### Die uitstuur en die eerste fase in Gaborone

Die groep het vroeg op 23 November vanuit Bloemfontein vertrek, gereed vir die lang reis noordwaarts. Gaborone, Botswana se hoofstad, het vir byna twee weke as hul basis gedien. Die eerste dae is gebruik om te vestig, mekaar beter te leer ken en geestelik voor te berei vir die werk wat voorlê. Een van die eerste projekte wat aangepak is, was die verf van 'n plaaslike skool.

Dit was nie net 'n daad van fisiese opknapping nie, maar 'n simboliese herinnering aan die nuwe lewe en hoop wat Christus bring. Deelnemers het saam met plaaslike gemeenskapslede gewerk en die ervaring het diep verbintenisse gesmee tussen die besoekers en die inwoners.

Die spanlede het ook evangelisasiewerk gedoen onder straatverkopers in die besige strate van Gaborone. Baie van hierdie verkopers worstel daagliks om 'n bestaan te maak, en die geleentheid om oor geloof en hoop te gesels, was vir sommige 'n welkome verligting. Deur persoonlike gesprekke en gebed is daar gepoog om lig in 'n moeilike werklikheid te bring.

Nog 'n belangrike komponent van die uitreik was die besoek aan 'n verbeteringskool (*reformatory*) waar jongmense wat sukkel met dissipline en uitdagende agtergronde gehuisves word.

**Lees** meer »

# Ons Gestremdes
## ingesluit of verstote?

**ALGEMEEN**
*Mariëtte Odendaal*

*Die boek **Disability Inclusion in Africa – From Harmful to Life-Giving Theologies**, het so pas op 23 Januarie by Langham Publishers verskyn. Dit is 'n boek wat 'n lang verwaarloosde onderwerp vanuit alle hoeke deur Afrika-studente bespreek.*

Ons het met dr Nico Mostert, uitvoerende amptenaar van die NG Kerk Vrystaat se Vennote in Getuienis, wat ook die pa van 'n kind met 'n fisieke beperking is, daaroor gaan gesels.

**Nico, jy beveel hierdie boek baie sterk aan, en met goeie rede. Vertel vir ons kortliks wat die siening van die wêreldwye ekumeniese en evangeliese kerkgroepe oor gestremdhede in die verlede was en hoe dit mettertyd verander het.**


"Ek is bevoorregd om deel te wees van twee wêreld-gespreksgroepe oor gestremdhede, naamlik die Wêreldraad van Kerke (**WRK**) wat die ekumeniese geloofsgroepe verteenwoordig, en die **Lausanne-beweging** wat die evangeliese geloofgroepe verteenwoordig.

"Die Wêreldraad van Kerke se werksgroep, die *Ecumenical Disability Advocates Network* (**EDAN**), het ten doel om gestremde mense met menswaardigheid te hanteer.

Dit is dus nodig om gelowiges te sensiteer oor die teologie hiervan; hoe ons na gestremdes kyk en hoe ons dit behoort te verstaan sodat gestremdes met meer begrip en respek hanteer sal word.

**Lees** meer »


***Foto** verskaf*





# Barend Wessels Gedenksentrum







## MEENTHUISE **TE HUUR**

**Barend Wessels Gedenksentrum** is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuis-kompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

### HUURBEDRAG

**R7,615** / MAAND

### MEENTHUIS SE LIGGING

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

### KENMERKE

- 2 Slaapkamers
- 1 Badkamer
- 1 Motorhuis
- 110 m²

KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING
ngkerkvrystaat.co.za
ontvangs@ngkvs.co.za
(051) 406 6700

BLÊR

# DIE VERLORE SKAPIE

deur MARTIN SCHWELLA

## Die wedloop

Ons almal behoort aan die Here, ons Herder. Hoe wonderlik is dit nie wanneer ons tot hierdie besef kom nie! Dit is besonders!

Leon, die lammertjie, het ook tot hierdie besef gekom, en dit het hom met blydskap gevul. Maar hy wou nie verkeerd optree nie. Dit het hom onseker laat voel want hy wou nie ‘n gemors maak van hierdie wonderlike gevoel nie.

Leon het vroeër daardie dag na die kerk toe gestap om daaroor te dink, en daar het hy vir tannie Êna raakgeloop, so amper asof sy gestuur was.

“Wat 'n wonderlike geleentheid is dit nie?” vra tannie Êna.

Leon draai sy koppie skuins en probeer verstaan hoekom tannie Êna dit sou sê.

“Die wonderlikste geleentheid wat daar is! *LOOF HOM!*” roep sy weer uit.

Leon skrik effens, maar spits toe weer sy oortjies.

“Leon, jong lammertjie, jy het die wonderlikste geleentheid ontvang. Dit is ‘n geleentheid om dit wat in gister se dae gebeur het, agter jou te sit,” antwoord sy.

Leon lig sy wenkbrou, probeer verstaan, maar terselfdertyd begin sy mondjie glimlag.

Alles wat met jou gebeur het — die goeie en dit wat nie so goed was nie. Die Herder nooi jou uit om dit agter te laat en jou lewe op Sy manier te leef. Sy manier is die beste,” fluister tannie Êna agterna.

Sy bly ‘n rukkie stil, en Leon hou sy koppie steeds skuins terwyl hy na die bome kyk en luister hoe die blare in die wind ritsel. Leon dink oor alles wat hy gehoor het.

Tannie Êna tik liggies op Leon se skouer om sy aandag terug te kry. Sy kyk diep in sy helder blou ogies en glimlag vir hom.

Tannie Êna tik liggies op Leon se skouer om sy aandag terug te kry. Sy kyk diep in sy helderblou ogies en glimlag vir hom. Toe sê sy:




“Dit beteken ons moet verander hoe ons dink. Ons moet ons gesindheid verander teenoor mekaar en die wêreld. Jy moet dit jou eie maak—amper soos nuwe klere wat jy aantrek, of soos om deur ’n ander bril na ons lewe te kyk: God se bril,” verduidelik tannie Êna verder.

Leon se ogies begin blink, asof hy presies verstaan wat tannie Êna vir hom vertel. Vir ‘n oomblik verbeel hy hom hoe dit sou wees om deur ‘n sonbril te kyk. Hy sien sommer die wêreld vol kleur en mooi. Leon verstaan nou presies!

“Dit beteken ons leef vir die Herder …


DIE VERLORE SKAPIE


**Luister hier**:
*Blêr | Ek behoort aan Jesus*

**Lees** meer »

# WAAR IS JESUS NOU?

## HOE JESUS NÁ SY HEMELVAART ONDER ONS TEENWOORDIG IS EN WERK








**Coenie Burger**

*AFRIKAANS / SAGTEBAND / NOVEMBER 2011*

Coenie neem ons op 'n weldeurdagte reis met Christus se rol en funksie ná sy hemelvaart. Hierdie boek is 'n helder teologiese getuienis oor die voortgaande werk van Christus in die wêreld en die kerk.

Wat 'n skitterende stuk Bybelse teologie in uiters leesbare vorm!

(Stephan Joubert: Op die agterblad).

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**


**BEDIENINGSBEGELEIDING**
*Dr Leon M Foot*

# Seminarium

## BENODIG

NG Kerk
Vrystaat

Kopieë wat nie meer gebruik word nie




deel van kerklike vorming

Himnologie aanbiedings

**Kopieë wat nie meer gebruik word nie** van die publikasie **"Sing nuwe sange, nuutgebore – liturgie en Lied"**, wat 'n verwerking van die doktorale proefskrif van wyle **dr WM Lourens Strydom** is.

Die boek word met groot vrug gebruik in die **Himnologie aanbiedings** as deel van die **Kerklike vorming** van die teologiese studente.

**Kontak dr Johan Nel by seminarium@ngkvs.co.za**


#imagine
4-6 APRIL 2025
VRYSTAAT
BOTHAVILLE, NAMPO PARK
#BRING YOUR SQUAD
R750-00 SLUIT VERVOER UIT
Christenkamp vir tieners 13- 18 jaar oud

# UIT DIE FAKULTEIT




**Dr Lyzette Hoffman**
*Uitvoerende Redakteur: Acta Theologica, Fakulteit Teologie en Religie, UV*

Nuwe studente in die Fakulteit Teologie en Religie is op 10 Februarie hartlik verwelkom. Die verwelkoming vorm deel van die jaarlikse Teologiese Dag met 'n gesamentlike erediens vir studente en dosente en 'n gasspreker wat 'n kontekstuele teologiese tema aanroer. Met die gehoorsintuig maksimaal ingespan, is die teenwoordiges meegevoer in die bewings van die liturgie van 'n loeiende wind, dramatiese seegolwe, brandende vuur, tot jubelende voëlsang. Die liturgie het by die tema van "beweging" aangesluit – die skopus van prof Jan-Albert van den Berg se preek.

Die Skriflesing kom uit 2 Petrus 1:16-21. In die Skrifgedeelte is daar 'n beweging van Epifanie na Lyding, van donkerte na lig, van nag na oggendlig.

Die brief van Petrus is geskryf in 'n tyd waarin die lesers donkerte beleef het. Die lesers was bang vir die regering en vals profete. Daar word ook na Petrus se dood in hierdie brief verwys. Maar Petrus moedig sy lesers aan om in die lig te bly, besig te bly met die Woord en in kontak met medegelowiges. Dan sal hierdie lig groei "totdat die dag aanbreek, en die môrester opgaan in julle harte" (2 Petrus 1:19). Gelowiges kan beweeg van donkerte na lig, van moeilike omstandighede na hoop en nuwe horisonne met die lig wat God se Woord bring.

Hierdie jaar se spreker by die Teologiese Dag was prof Hans Ausloos van Katolieke Universiteit in Leuven, België. Prof Ausloos het lig op die vryheid en hoop van die jubeljaar in die Ou Testament laat val.

Volgens Levitikus 25:23 behoort die grond aan die Here en is die mense net bywoners op die Here se grond. Daarom gee die Here byvoorbeeld opdrag dat die grond elke sewe jaar moet rus. Elke 50 jaar is 'n jubeljaar waarin die grond teruggekoop kan word deur die oorspronklike familie (Levitikus 25:8-10).

Vryheid is 'n sentrale tema in die Bybelse jubeljaar. Slawe kan dan vrygelaat word en skuld word afgeskryf (Levitikus 25:54).

Daar is talle wette om te keer dat mense in die eerste plek in skuld beland (byvoorbeeld landgenote mag nie vir mekaar rente op skuld vra nie), wat die jubeljaar se ekonomiese impak sou versag.

**Lees** meer »




# Energie-doeltreffend

**ALGEMEEN**
*Mariëtte Odendaal*

## Bestuur vanjaar jul kerkgeboue en huise energie-doeltreffend

Die idee van rentmeesterskap (Genesis 2:15) moedig ons aan om as gelowiges verantwoordelikheid vir ons omgewing te aanvaar. Deur bedag te wees op 'n energie-doeltreffende lewenswyse, sorg ons op 'n direkte manier vir die skepping en bespaar ons terselfdertyd koste.

### WAT KAN ONS DOEN?

Volg gerus hierdie paar praktiese wenke ten opsigte van kerkgeboue:

**Beligting**

- Vervang ou gloeilampe met LED-ligte wat tot 80% minder energie gebruik en langer hou.
- Gebruik bewegingsensors in ruimtes soos gange en badkamers om ligte outomaties af te skakel.

**Lees** meer »

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

**FEBRUARIE**

| | | |
|---|---|---|
| 18 | Mev Sanet Annandale | SINODALE KANTOOR |
| 22 | Dr Dawie Botes | WELKOM-WES |
| 22 | Ds Domonic Basson | ST HELENA |
| 28 | Ds René Wessels | VIRGINIA |
| 28 | Ds Charles James | PELLISSIER |

# Jeugfokus

Rus jou gemeente toe met betekenisvolle kategesemateriaal en sien werklik hoe die jeug ontwaak deur die vlam van geloof.

**Blaai deur ons 2025-katalogus**

www.bybelmedia.org.za




# Artikel 18A-belastingsertifikate

Maak vandag 'n donasie aan ons sustersorganisasie, Nehemia Bybelinstituut (NBI) en kwalifiseer vir 'n Artikel 18A-belastingsertifikaat voor die einde van die finansiële jaar.

**Klik hier om kerkleiers te ondersteun!**

www.bybelmedia.co.za







WOONSTEL

**MAKARIOS**
**EENSLAAPKAMER SELFSORGWOONSTEL**

op woonerf te huur aan NG-lidmate wat in Bloemfontein moet oornag weens gehospitaliseerde familielede

1 SLAAPKAMER | SELFSORG | WOONSTEL | GRATIS WIFI | VEILIGE AREA

**R400** PER NAG

**082 783 0730**
NAVRAE | DS JORS REYNDERS

**R300** PER NAG
langer as 2 dae

Bloemfontein Bybelhuis
# Ouditorium

**Bespreek die ouditorium by die Bybelhuis in Bloemfontein vir jou volgende funksie. Ideaal vir boekbekendstellings, formele aanbiedings en vergaderings.**

Ander voordele sluit in:
- Veilige parkering vir 40 voertuie
- Sitplek vir 100 gaste
- Oudiovisuele toerusting beskikbaar
- Kombuisgeriewe

**Vir besprekings kontak:**
Elrika Senekal-Van der Berg
**e:** elrika@biblesociety.co.za
**t:** 051 444 5980
Nelson Mandelarylaan 220,
Bloemfontein

bybelgenootskap van suid-afrika

7 MAART 2025

# WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

**"GEÏNSPIREERDE GEBED EN BIDDENDE OPTREDE"**

## "I Made You Wonderful" PSALM 139:14

### Uit die kantoor van die Wêreldbiddag in SA

Die Wêreldbiddag vir Vroue is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christen-vroue, -mans en -kinders van verskillende lande wat elke jaar op die eerste Vrydag in Maart vergader om 'n besondere dag van gebed te vier. Tydens die Wêreldbiddag vergader gelowiges van verskillende rasse, kulture en kerke, om saam te bid, ons voor God te verootmoedig en vir mekaar in te tree. In Suid-Afrika word die program in nege van die amptelike tale vertaal.

Die Wêreldbiddag word vanjaar op **7 Maart 2025** gehou. Ons vier vanjaar die 95ste jaar in Suid-Afrika. Internasionaal word die Wêreldbiddag reeds vanaf 1887 gevier. Die dag word tans in meer as 170 lande op al 7 kontinente gehou. Dit bly 'n besondere voorreg om jaarliks deel van die Gebedsketting rondom die aarde te wees. Vanaf die son in Nieu Zeeland opkom totdat dit in Samoa sak.


Die kollektes wat ingesamel word, word na die kantoor gestuur en dit stel die Wêreldbiddag in staat om jaarliks donasies aan die Bybelgenootskap sowel as instellings, wat vroue en kinders ondersteun, te maak.




RIGLYNE

BESTELVORM

LEES MEER




BM Impak-Stories
Nuwe jaar, dieselfde geloofsreis: Leef jou ge
in 2025 meer betekenis
2025


BM Impak-Stories
5 Maniere om huisgods
hierdie nuwe jaar te he


BM Impak-Stories
'n Jaar van diens: Hoe C
hulle gemeenskappe in
2025 kan seën



Het jou besigheid 'n Artikel 18 A sertifikaat nodig vir belastingdoeleindes ?
Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng


Engo
Toiletware vir Tieners
Maak 'n DONASIE van toiletware!


Ondersteun 'n kind met skryfbehoeftes!
Engo
O.CO.ZA 060 548 5543


RUN FOR
hood development
m Run - Trail Run
arch 2025
co Equestrian Farm
Lichtenburg Rd, Paarl
nces: Kiddies 3km &
5km, 10km, 15km
TRAIL RU
KIDDIES 3KM
5KM 10KM 15KM
RHYTHM
MISTICO EQUESTRIAN
29 MARCH 202


Buy a
nna Tonic Solfa
ny language)
R195.50* and get a
anna words in
ame language
or free!
HOSA
HOSANNA
romotion runs from 1 February until 17 April 2025.
ce; VAT included; Postage excluded; While stocks last.
able at all CLF Bookshops or email order@clf.co.za


50% OFF
selected
ACADEMIC AND THEOLOGY BOOKS
In time for the new 2025 Academic year
Offer valid until 31 March 2025 while stocks last



**PINKSTERREEKS 2025**

# NAGEDINK OOR NICEA

*CHRIS WYERS*

## 1700 JAAR SEDERT NICEA-BELYDENIS

LAAI **PINKSTERREEKS** AF

Dis 1700 jaar sedert die opstel van die Geloofsbelydenis van Nicea, wat die wettiging van Christenskap in die Romeinse Ryk onder Keiser Konstantyn verteenwoordig.

Chris Wyers het 'n spesiale Pinksterreeks vir CLF saamgestel. Daar word gekyk na verskillende aspekte van die belydenis en gevra wat dit vir ons as gelowiges vandag beteken.

Vanaf Pinkstersondag, 1 Junie, is daar daagliks 'n toepaslike Skrifgedeelte, liturgiese voorstelle, vrae oor die teks om oor na te dink en in kleingroepe te deel, sake om oor te bid en aktiwiteite om te doen.

*(Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk)*



**WOODLAND HILLS GEMEENSKAPSKERK**

**DS. ANTON MEIRING AFSKEIDSDIENS**
**23 FEBRUARIE 2025**

ALLE GEMEENTELEDE EN VRIENDE WORD IN KENNIS GESTEL DAT DAAR NA DIE AFLOOP VAN DIE DIENS 'N AFSKEIDSBOEK IN DIE KERK GEPLAAS SAL WORD, OM 'N BOODSKAP, GEDAGTE OF HERINNERING TE DEEL.

DIE BOEK SAL AAN DS. ANTON EN IDA OORHANDIG WORD AS AFSKEIDSGESKENK.

ONS FACEBOOK EN YOUTUBE KYKERS IS WELKOM OM OOK 'N BOODSKAP OP HIERDIE POST TE LOS, WAT DAN OOK IN DIE BOEK GEPLAAS SAL WORD.

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE





## ETIEK TOEKOMSTIGE MORALITEIT

19 Februarie 2025

10 VBO-punte

09:00 - 16:00
Aanlyn Webinaar
Prof Tanya van Wyk

Lees meer +
**Registreer** +





## ANDREW MURRAY SE GEBEDE IN KLANK

5 Maart 2025

VBO-punte

12:30
Oude Leeskamer
Stellenbosch

Lees meer +
**Registreer** +





## UITDAGINGS: DIE GROOTMAAK VAN DOGTERS

15 April 2025

5 VBO-punte

Aanlyn Zoom
R275 p/p
Prof W Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## PATOS ONTMOETING MET HEILIGES

22 Mei 2025

VBO-punte

13:00 - 14:00
Aanlyn Teams
Dr Lisel Joubert

Lees meer +
**Registreer** +

INNOVERENDE SIELSORG

# Bybelse fondasies van Pastorale sorg

Ontwikkeling van 'n Christus-gesentreerde model vanuit **1 Tessalonisense** wat gemeentes plant, ontwikkel en versorg.

**AANBIEDING DEUR DR JACO PUTTER**



VBO TAAKSPAN

## SESSIES

### PASTORALE BERADING
Sosiale wetenskap se invloed op pastorale berading en hantering van die Skrif.

### SKRIF-GEBRUIK
Hantering van die Skrif in pastorale berading en die praktiese toepassing daarvan.

### PASTORALE MODEL
Die pastorale model wat Paulus gebruik het met die skryf van 1 Tessalonisense.

### AGENT VAN VERANDERING
Ons volg in Paulus se voetspore en leer hoe die leraar verandering kan fasiliteer.



## 16 - 17 Maart 2025

NG Gemeente **Bethlehem-Noord**

- R200 p/p
- Sluit alle etes in
- Reël eie verblyf
- 10 VBO-punte

**RSVP**

**083 751 9381**

**9 Maart** 2025 | Ds Erich Cornelissen

Ring van Bethlehem | ABSA | Tjekrek 0770 480 183 | Verwysing **Naam, Van, Kursus**

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES


Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Teoloog sy predikants-bevoegdheid kwyt

*11 Februarie 2025*
*Kerkbode*
*Nuus*



**ELDERS GESIEN**

'Ek het geleer om aanpasbaar te wees' – sê Vrystaatse teologiese student met 40% sig

*10 Februarie 2025*
*Mariëtte Odendaal*
*Flits*



*Stellenbosch: Theological Day 2025 in pictures & video*


*10 Februarie 2025*
*Le Roux Schoeman*
*Artikels, Gewild*



**DINKSTOF**

Johan van der Merwe: Nicea 1 700 – Hoor die liturgiese noodkreet

*7 Februarie 2025*
*Johan Van der Merwe*
*Dinkstof*



**NUUSFLITS**

Vries van fondse uit VSA, wat glo miljoene lewens bedreig, ook gevoel in Eswatini

*7 Februarie 2025*
*Heléne Meissenheimer*
*Nuus*



**STORIES VAN KERKMENSE**

Sy wil na ses dekades aanhou orrel speel 'solank die Here haar die krag gee,' sê Bettie Louw (85) van Nuwerus

*5 Februarie 2025*
*Heléne Meissenheimer*
*Artikels*

Google Play   kerkbode.christians.co.za   App Store

Bybel-Media


# Geskep vir meer




**R150**

Welkom by hierdie reis van 31 dae na persoonlike en geestelike groei. Tydens hierdie reis sal jy jou ware identiteit in Jesus Christus ontdek, dieper delf in temas soos selfontdekking en geestesgesondheid, ontdek hoe jy jou kan anker in die oortuiging van wie jy in Christus is, bewus raak van die radikale verandering in jou wanneer jy jou dieper self in Christus ontsluit, tyd afstaan aan refleksie en gebed wat jou lewe sal verryk en vernuwe en praktiese stappe volg om jou aan te spoor op jou pad na jou ware identiteit en geestesgesondheid. Dit alles sal jou bring by hierdie waarheid: Jy is geskep vir meer!

# *Seeking spiritualities*




**R280**

*The Stellenbosch Theological Reflection (STR) series offers well-grounded and creative theological research aimed at both the academy and the ecumenical church in South Africa and beyond. All of us follow and live by some form of spirituality. Whether we recognise it, acknowledge it or can articulate it, we are all, in this sense, "spiritual". It may be visible, hidden, dormant, suppressed, practical or theoretical – but it is always present. Spirituality takes many forms, which is why the title of the book refers to "spiritualities" in the plural.*

# Vind God in die gewone




**R300**

Hoe leef ons in die gewone? Hoe vind ons God in die gewone? Ons raak maklik afgestomp en gewoond aan 'n lewe waarin dit voel asof God afwesig is. Maar God woon in die gewone, in ons woonbuurte en woonkamers en woonplekke. Ons moet leer om God daar raak te sien en deel te neem aan die avonture wat rondom ons afspeel. Ons moet speurders van die Skepper wees in die woonbuurte waar ons bly, in die werke waar ons swoeg en sweet en in die verhoudings waar ons liefhet en ook soms seerkry. Dit beteken dat ons opnuut die lewe beleef as betowerend en nie net as 'n plek wat gestroop is van God se teenwoordigheid nie.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

VAKATURES

AFLOS

kerkbode

Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

DAGBOEK

woes@mweb.co.za
023 342 6030

VAKATURES

AMPTELIK

## VRYSTAAT PREDIKANTENUUS

**BEVESTIG** | **Prop Izak Scholtz** het die beroep na Woodland Hills NG Gemeenskapskerk aanvaar. Sy bevestiging, met handoplegging deur ds Anton Meiring, het op Sondag 2 Februarie 2025 plaasgevind.

**BEVESTIG** | **Ds Lourens Scheepers** het die beroep na NG Gemeente Philippolis aanvaar vanaf 1 Februarie 2025.

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Leef jy in die truspieëltjie?

**ALGEMEEN**
NG Gemeente Bethlehem-Eureka
*Ds Richi Kemp*



**Foto:** *Ds Richi Kemp (verskaf)*

**Jesaja 43:14 – 19**

*“So sê die Here, julle Verlosser, die Heilige van Israel: Om julle ontwil stuur Ek iemand teen Babel en laat Ek al sy inwoners, die Galdeërs, vlug met dieselfde skepe waarop hulle hulle vroeër beroem het. Ek is die Here, julle heilige God, die Skepper van Israel, julle Koning. So sê die Here, Hy wat 'n pad gemaak het deur die see, 'n deurgang deur die magtige waters, Hy wat strydwaens en perde laat optrek het, 'n leër op volle sterkte na sy ondergang toe. Hulle kon nie weer opstaan nie, dit was klaar met hulle, hulle is soos 'n lamppit uitgedoof.”*

> “Ons kan nie van gister se geloof vandag leef nie.”

*“Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ont-spring.”*

Daar is baie mense wie se motors net sowel nie ’n truspieëltjie hoef te hê nie. Hulle kan nie minder omgee wat agter hulle gebeur nie. Tog is daar baie mense wat in die truspieëltjie leef. Hulle is vasgevang deur iets wat in die verlede gebeur het. Hulle sug gewoonlik met genoegdoening en praat van die goeie ou dae!

Die Israeliete was in ballingskap in Babilon, maar hulle was eintlik nog gevangenes van hulle verlede. Aan die een kant was hulle vasgevang in hulle skuldgevoelens oor die verlede. Hulle is nie sonder rede in ballingskap nie. Hulle het hardnekkig bly sondig nadat die Here hulle voortdurend met groot geduld deur Sy profete gewaarsku het. Uiteindelik het Hy geen ander keuse gehad as om hulle te straf nie.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

# ’n Uitsonderlike *geskenk van liefde*

**VANAF 14 TOT 28 FEBRUARIE 2025**

WAS R164

**NOU R98***




ISBN 9780798223355

**AFRIKAANS** 1983-vertaling




ISBN 9780798223614

**SESOTHO** 1989 translation




ISBN 9780798223003

**SEPEDI** 2000-vertaling





ISBN 9780798222969

**SETSWANA** 1970-vertaling




ISBN 9780798223508

**ISIXHOSA** 1996-vertaling




ISBN 9780798224406

**ENGLISH** Good News translation




ISBN 9780798225762

**ISIZULU** 2020-vertaling

bybelgenootskap van suid-afrika

* Aanbod geldig vanaf 14 - 28 Februarie 2025.
Terwyl voorraad hou.
Geen verdere kortings.
Posgeld en aflewering uitgesluit.

**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING